

AKADEMIE

ROBOTIKA

Robotika is 'n Akademiese aktiwiteit. Ons neem deel aan die First LEGO League, Robofest en Robothon kompetisies deel. Buitemuurse afrigting vind vir Graad 1 - 7 vanaf Januarie tot November plaas en word tussen Maandag en Vrydag geskeduleer teen 'n addisionele fooi wat direk aan RobotExplorers betaalbaar is. Tans het Graad 1 tot 4 Robotika as vak gedurende skooltyd en van 2024 ook Graad 5. Dit verskil egter van die buitemuurs omdat ons van ander robotte en programme gebruik maak en daar meer leerders per klas is asook korter periodes.

DOEL VAN ROBOTIKA

Die Robotikaprogram by Laerskool Elarduspark poog om leerders bloot te stel aan Ingenieurswese en Programmering. Deur die loop van die lesse word leerders blootgestel aan die wonderlike wêreld van meganika en kodering. Buiten dat hulle leer hoe om te kodeer, leer hulle ook rekenaarvaardighede, toegepaste wiskunde, probleemoplossing, spanwerk, deursettingsvermoë, fyn motoriese vaardighede, beplanning en tydsbestuur.

Hulle leer ook hoe om te dink in terme van programmering wat hulle help om die wêreld van tegnologie waarin ons lewe te verstaan. Wanneer hierdie vaardigheid bemeester is, kan hulle ook makliker enige ander programmeringstaal aanleer en gebruik.

HOEKOM AAN ROBOTIKA DEELNEEM?

Met die Robotika kurrikulum word leerders aan programmering, ingenieurs beginsels en STEM leer blootgestel wat hulle leer om probleme en die wêreld op 'n nuwe manier te benader. Robotika verhoed dat leerders bang is om nuwe tegnologie uit te toets. Wanneer hulle verstaan hoe 'n rekenaar (dus enige tegnologie) dink en praat, sal hulle weet wat moontlik is en wat nog gedoen kan word. Kennis kweek innovasie.

Al die robotika kompetisies (buiten die Robothon) gee leerders kans om nasionaal en internasionaal deel te neem. Die Robothon is deel van die Tshwane Science Fair en leerders kan balkies en pryse wen.



**TOOT
TOOT!!**

